**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXVI VRYDAG, 5 MAART 1971 Nr. 2

J. Heidema
**Kerkstraat 48**
**Potchefstroom**
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIE FIETSWINKEL**

# ONTSPANNINGSFASILITEITE WORD BEPLEIT

**„Daar bestaan niks wat die studente oortuig of lok om op die kampus te bly en die naweek hier deur te bring nie. 'n Aanloklike aksie of atmosfeer bestaan nie." is die bevinding van die Studenteraad na aanleiding van 'n verslag van 'n ad hoc-kommissie wat ontspanning ondersoek het.**

**„Feitlik 'n derde van die mans besit vandag 'n motor wat dit vir die studente maklik maak om naweke huis toe te gaan. Vir die motoreienaars wat tuisbly is dit geen probleem om hulle toevlug na buite die P.U.-grense te neem vir afleiding nie" aldus die verslag.**

**„Swak Ontspanning".**

Die Studenteraad bevind verder dat die gebrek aan naweekontspanning op die Kampus en in Potchefstroom daartoe ly dat studente soms hulle toevlug neem tot swakker vorme van wat sommige studente beskryf as „ontspanning".

Die Studenteraad het op 'n onlangse vergadering drastiese aanbevelings goedgekeur, onder andere dat:

- 'n eie kampeerterrein vir die studente van die Puk „buite die beskawing" maar naby genoeg om per fiets te bereik, verkry word. Studente kan dan naweke daar kamp of geselligehede om 'n kampvuur hou.
- die moontlikheid van 'n rolskaatsbaan met ligte ondersoek word.
- spreiligte by die miniatuur gholfbaan by Dawie Du Plessis-huis aangebring word.
- gereelder besoeke aan teaters in Johannesburg en Klerksdorp gereël word.
- die Kafeteria omskep word in twee afdelings, een waar studente kan koop en 'n ander afdeling vir sit-en-geniet. Die Kafeteria behoort ook verfraai te word en die ure verander te word sodat die Kafeteria gedurende naweke gebruik kan word, volgens die aanbeveling.
- speletjies in die Totiussaal aangebied word gedurende naweekaande.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

Die Studenteraad beoog om hierdie aanbevelings met die Huiskomitees te bespreek tydens 'n gesamentlike vergadering op Donderdag 18 Maart. Huisvaders en ander belanghebbende persone en instansies sal ook genader word vir advies en hulp om ontspanning op die kampus te stimuleer, aldus die verslag.

**Studentesentrum.**

Die verslag maan daarteen dat te veel klem gelê word op die beoogde studentesentrum. Na alle waarskynlikheid sal die sentrum eers oor vier of vyf jaar beskikbaar wees.

## Daar hê'jy dit!




**Wat dink jy van nouer skakeling met Pote?**

# TUSSENVERKIESING

## S.A.B.

● P. J. STEYN
(Phil) B.Sc. Farm. III 1970
1970 Tweedejaarsverteenwoordiger — P.A.S.V.
1971 Voorsitter — P.A.S.V.





● J. R. W. STONLAKE
(Johnnie) B.Sc. (Ind. Chem.) 1968
1970 V.I.C.S.-bestuur
1971 Karnavalkomitee
S.A.B.-bestuur
V.I.C.S.-voorsitter
Huiskom.-Makouvlei

## A.O.B.

● K. VAN DER WALT
(Kruger) LL.B. I 1968



1970 Karnavalkomitee
Alabama
1971 Huiskomitee — Kasteel

● C. SCHOEMAN
(Chris) LL.B. I 1967



1970 A.O.B.-Bestuur
P.N.B.-Bestuur
Sekretaris N.A.F.S.A.S.
1971 Primarius Kasteel.

● S. J. (SANDRA) FERREIRA
B.A. III 1969



1969 Thalia (toerlid)
1970 Thalia (toerlid)
Addisionele lid A.O.B.-komitee.
1971 Thalia (sekretaresse)
A.B.K.K. (Thalia verteenwoordiger)
Huiskomitee Karlien

**STEMREËLINGS**

**Die Studenteraad het die volgende reëlings getref vir die tussenverkiesing wat op Donderdag 11 Maart gehou word.**

**Stemlokaal — Totiussaal.**
**Stemtye — 8.00 vm. tot 7.00 nm.**

**Stemreg — Alle studente wat tydens die vorige verkiesing stemreg gehad het, het nou weer stemreg. In geval van lede van verenigings wat na die vorige verkiesing by die S.A.B. geaffilieer het, het die Studenteraad besluit dat alle lede van sodanige verenigings stemreg sal hê wat lede was tydens affiliasie.**

● S. R. VAN DER WALT
(Rudi) B.Sc. Ind. Chem. III 1969



1970 Alabama
1971 A.O.B. Penningmeester
Diskoteekkomitee Voorsitter
Alabama

● C. S. VENTER
(Charles) B.Comm III 1968



1969/70 Rugbybestuur

● N. W. LIGTHELM
(Nico) B.A. III 1968



1969 A.O.B.-Spelekomitee
1970 Besembos-Redaksie
Goue Kandelaar-Redaksie
Sekretaris Fotografiese Vereniging
1971 A.O.B.-Hoofbestuur (Sekretaris)
A.O.B.-Dinee-intertee-komitee
A.B.K.K.-Hoofbestuur
Pukkie-Redaksie
Wapad-Redaksie
Voors. N.P.-tak P.U.
Sekretaris Fotografiese Vereniging

**Alle foto's van kandidate deur Fotokuns.**

# Louis Luyt Uitgenooi

Die bekende Afrikaanse miljoenêr, mnr. Louis Luyt, is een van die sprekers wat hierdie jaar deur die Ekonomiese Vereniging genooi is om die vereniging toe te spreek.

Ander sprekers wat voor die vereniging sal optree is, mnre. M. J. van Rensburg en A. P. Burger. Die program van die vereniging sluit in 'n opvoedkundige toer na die Kaap, 'n besoek aan 'n goudmyn en twee filmvertonings.

**WAPAD-REDAKSIE**

Persone wat belangstel om in die redaksie van *Die Wapad* te dien kan aansoeke in die bussie van *Die Wapad* plaas. Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige adres en telefoonnommer. Verskeie poste is nog vakant.



**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
**STUDENTE APTEEK**

# BELANGRIKE MASSAVERGADERING LOK MIN BELANGSTELLING

**„Alles dui daarop dat die Studenteraad op die terrein van ad hoc-skakeling op inter-universitêre vlak 'n baie opwindende en interessante termyn gaan deurmaak." het mnr. Leon Wessels tydens 'n onlangse massavergadering in die Totiussaal gesê. Die bywoning was uiters gemiddeld en die entoesiasme het ontbreek.**

**Wits:**

Uitvoering is reeds gegee aan die voorgestelde kontak met die Studenteraad van P.O.K. (sien verslag elders). In sy jaarprogram het mnr. Wessels ook nouer skakeling met die Universiteit van die Witwatersrand in die vooruitsig gestel. Samesprekings sal op Studenteraadsvlak gehou word oor prakties-organisatoriese sake en aangeleenthede.

Die Studenteraad het reeds 'n verteenwoordiger van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Die besoeker het die groete van die Verteenwoordigende Studenteraad van die U.S. oorgedra, aldus 'n woordvoerder van die Studenteraad.

'n Besoek aan U.P., R.A.U. en U.O.V.S. word ook in die vooruitsig gestel. Samesprekings met die V.S.R. van U.O.V.S. sal om Intervarsity sentreer.

Op die vergadering is 'n mosie aangeneem waarin die Studenteregsvereniging gelukgewens word met hulle optrede tydens die stigtingsvergadering van 'n Nasionale Regsvereniging in Port Elizabeth tydens die afgelope vakansie. Daarin word die beleid van ad-hoc skakeling herbevestig.

„Deur hierdie besoeke en skakeling sal gepoog word om kontak te maak insake prakties-organisatoriese aangeleenthede benewens die bestaande kontak deur die A.S.B. Die behoefte bestaan om kleiner probleme uit te stryk en om op studenteraadsvlak beter verhoudinge tussen die taalgroepe te bewerkstellig. Die skakeling sal plaasvind ooreenkomstig die beleid van die A.S.B.", aldus mnr. Wessels.



**VOETGANGERDUIKWEG**

**Die nuwe voetgangerduikweg wat onlangs voltooi is. Die duikweg verbind die koshuise Wes van die spoorlyn met die kampus. Hierdie foto is in die aand geneem waar 'n paar dames na een van die ingange stap.** *Foto: Fotokuns.*

# Toer vir Platsakstudente

**Die tweede Europese toer vir platsakstudente onder leiding van dosente aan die Potchefstroomse Universiteit word vir die einde van die jaar gereël. Die toer wat 45 dae sal duur, kos R750. Die toerleiers is mnr. W. J. Voordewing, senior lektor in Geografie, en mnr. G. N. van den Bergh, senior lektor in Geskiedenis. Die eerste toer was in 1968.**

Na van mnr. Van den Bergh verneem is, sal die toergeselskap uit tagtig persone bestaan. Net meer as die helfte het alreeds by die geselskap aangesluit.

In die 45 dae, het mnr. Van den Bergh gesê, gaan die groep tien lande besoek: van Gibraltar in die suide tot Edinburgh in die noorde en Lissabon in die weste tot Athene in die ooste.

Hulle reis deurgaans in luukse busse met ervare koeriers en plaaslike gidse. Hulle vlieg met stralers van area na area om die maksimum gebruik van die beskikbare tyd te maak.

Besoeke aan wynkelders in Spanje en Duitsland, bootvaarte op die Ryn, Amsterdamse gragte en Venesiaanse kanale. Kersfees in die Alpe. Nuwejaar in die Swartwoud, genoeg ongeorganiseerde tyd vir die belangstellings en inkopies — al hierdie is deel van die toer.

Die toer bereik sy middelpunt teen die 20ste Desember — lank voordat dit erg koud word in Europa.

Agt aanduitstappies word ingesluit in die prys. Hulle maak vir alle smake voorsiening, van die ernstige (ballet en opera), die luimige („pub crawl" en Oujaarsaand in die Swartwoud), die gemoedelike (Tirolerabend), die asemrowende (illuminasies van Rome, Parys en Tivoli) en die vermaaklike (flamenco en musiekblyspel).

Die prys is inklusief en sluit slegs middagetes (sowat R33), paspoortkoste (3) wasgoed en versnaperinge uit.

Die toer duur van 29 November vanjaar tot 13 Januarie 1972.

Volgens mnr. Van den Bergh is die toer in die sin opvoedkundig deurdat dit Suid-Afrikaanse studente in aanraking bring met die Europese geskiedenis, geografie en kultuur.

Belangstellendes moet voor 1 Mei met mnr. Van den Bergh of mnr. Voordewind by die Universiteit in verbinding tree.

# Burklins Hier

Op 12 Maart tree die gesin Burklin hier in Potchefstroom op. Hulle bestaan uit ses lede, wat baie veelsydig is en onder andere 'n groot aantal instrumente bespeel. Die uitvoering beloof om van hoë gehalte te wees, toegang is gratis (net 'n silwer-kollekte) en die saal sal mettertyd bekend gemaak word.

# DEUR MY LENS REFLEKTOR

Dit is weer die regte tydstip daarvoor. Die tyd om van alle abnormaliteite ontslae te raak. Nou praat ek van die akademiese jaar en die studentelewe wat in volle swang behoort te wees. En daar gaan 'n klompie abnormales wees, 'n grote aantal hoop ek. En ek lag vir en met die abnormales, want in my binneste juig ek oor die bestaan en aanwesigheid daarvan. En dit is goed dat ons hulle met ons het — soos die armes ook.

Dit is goed om ongewoon te wees, om abnormaal te wees: om nie as hoogste ambisie 'n Volkswagen, eenslaapkamerwoning, ses kinders en 'n staatsdienspos te verlang nie. Dit is goed om nie altyd met die helfte tevrede te wees nie: die tweede mooiste meisie op die Kampus, 'n blote slaagsyfer, 'n onverantwoordelike dosent, 'n lou koshuisgees, swak deelname aan verenigingslewe,

Daarom dawer en druis die prikkelende bruising van die lagspiere deur 'n eens geslote duikweg; en dit vir diegene wat nie genomineer gaan of wil word vir die komende tussenverkiesing nie. Dit sal hopelik weer die Abnormales wees — diegene wat abnormaal toegewyd is aan eer en posisie, of die stem van gesag oor willose massas, of (en meer eerbaar) die op die spits gedryfde diensgedagte van wie ons sal kennis neem. „Stem nou en bepaal die abnormaliteit later" is die slagspreuk. En wie is ons om nie onder hierdie banier te loop en slaap nie? Ons het tog in die verlede die metode gevolg: stem sonder baie vrae indien daar tog gestem word.

Sal ons hulle nie maar 'n slag erken deur middel van stempersentasies en wyse keuses nie? Dit is nou die abnormales: Dit wat op 'n massavergadering 'n oordrom ooreis, of papier mors met mosies, of almal ontstig uit diepe slaap met presensiekaartjies, of deur 'n demokratiese proses poog verkies te word en uitgesonder te word as abnormales.

Of het ons gewoond geword aan normaliteite, die gewone, die minste inspanning, die ongebondenheid. Selfs met „hulle" wat onlangs gearriveer het en nou nog nie oor die skok van aankoms gekom het nie. Of sou daar 'n ander rede wees vir die blatante afwesigheid van 'n groet vergesel van 'n innemende betuiging van kameraadskap en vriendskap? Moet Dr. Reflektor julle eers een vir een aan mekaar voorstel, en almal uitnooi en voorlig in die kunsie en dan met gesag toesien dat dit volgens plan geskied? Ek is beskikbaar by Karlien, Heide . . . (saans)! En as dit nie goeie raad is nie moet julle julle ver verwyder van die huisdokter en julle voeg in algehele stilswye by die normales.

In my spreekkamer is daar net plek vir die normales. Vir diegene wat nie iets bereik, iets gedoen kry, iets is nie. Hulle wat vasgevang is in die dodelike harmonie tussen abnormaliteite. Toegeweb in teeweklas drade en bittereinders in verveling en roetine.

My spreekkamer staan oop vir julle almal!

# S.A.B. OP-EN-WAKKER

**Die S.A.B. Sentraal-Akademiese Bestuur, die jongste hoofliggaam, beloof om baie op-en-wakker te wees, te oordeel aan die geinspireerde besprekings wat op die vergaderings tot dusver gevoer is. „Die rede hiervoor lê juis in hul jonkheid, die feit dat die liggaam soveel studente met soveel uiteenlopende belange verteenwoordig", volgens 'n woordvoerder.**

Die verslag van 'n 3-man kommissie oor die kwessie van affiliasie en disaffiliasie is tydens die jongste vergadering bespreek en aanvaar. Daarvolgens kan 'n liggaam te enige tyd by die S.A.B. affilieer, maar kan dan nie finansiële voordeel van die S.A.B. trek nie, aangesien die begroting aan die begin van 'n termyn opgestel word. Wanneer affiliasie verbreek word, bly so 'n liggaam aanspreeklik vir enige bedrag waarmee hulle hul toegekende kwota oorskrei het, bereken op 'n tydbasis.

By die vergadering is ook 'n mosie o.v.m. skakeling op akademiese vlak oor die kleurlyn heen ingedien. 'n Kommissie is benoem om probleme en metodes te ondersoek, en verslag te doen op 'n algemene ledevergadering van al die geaffilieerde verenigings wat beoog word vir 22 Maart. Die lede van die kommissie is mnre. L. Wessels, P. Steyn, en C. van Niekerk.

Tydens die vergadering is ook 'n addisionele bedrag vir die P.A.S.V. bewillig ter ondersteuning van die Suiderkruisfonds.

Die vernaamste oogmerke van die S.A.B. vir die huidige termyn is om die waarde van die liggaam as hoofliggaam te bewys en om as forum vir bespreking en adademiese wisselwerking te dien. Op die lang duur is die doel die saamsnoering en koördinasie van die verskillende akademiese verenigings.

Die dagbestuur bestaan uit mnre. L. Wessels, voorsitter, L. M. du Plessis, sekretaris, T. Bisschoff, en C. J. Smit.



**'n Blik op 'n medaljeparade van die Regiment P.U. die afgelope vakansie. Die foto is in die veld geneem toe verskeie offisiere van die Regiment medaljes, swaarde en sabels ontvang het.**


GOEIE KOS !
FLINKE DIENS !
u tevredenheid is ons PLESIER !
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670


# ..FRIKA..ISTIEK BEOOG TOER NA MADAGASKAR

**Prof. J. H. Coetzee, Direkteur van die Instituut vir Afrikanistiek, het in 'n onderhoud met *Die Wapad* die riglyné waarvolgens die Instituut beoog om hul jaarprogram van stapel te stuur, kortliks aangestip. Die Instituut beoog om vanjaar met 'n proefneming voor die dag te kom.**

„Ons wil vanjaar die besprekingspunte op 'n suiwer seminaar basis aanbied. 'n Beperkte groep met die nodige agtergrond en belangstelling sal genooi word om aan die seminaar deel te neem," het prof. Coetzee ter verduideliking gesê. Dit beteken egter nie dat studente nou van die aktiwiteite uitgesluit sal wees nie. Sekere studente sal beslis na die seminare genooi word.

Die Instituut se program vir 1971 lyk dan so: Op 24 Maart word 'n skyfie- en filmvertoning, gebaseer op die studietoer na Malawie verlede jaar in kamer 100 van die Frans du Toitgebou gehou en na hierdie geleentheid word die algemene publiek uitgenooi.



Prof. J. H. Coetzee.
*Foto: Fotokuns.*

Op 12 Mei begin 'n reeks van drie seminare wat sal handel oor verskeie aspekte van Malawie. By hierdie geleentheid sal mnr. H. van der Wateren, lektor verbonde aan die Departement Volkekunde aan die P.U. die Etnies-demografiese aspekte van Malawie behandel.

Op 18 Augustus word die ekonomiese en ontwikkelingstoestande en -probleme van Malawie deur Dr. H. J. Weber, senior lektor in die Departement Ekonomie geskets. Die laaste seminaar in die reeks sal op 15 September plaasvind wanneer prof. Coetzee die politieke situasie in Malawie sal bespreek. Die seminare sal in kamer 204 van die Frans du Toit-gebou gehou word en die resultate daarvan sal later gepubliseer word.

Die Instituut beoog ook om later vanjaar 'n besoek aan Madagaskar te bring. Die doel van die toer sal wees om die bevolkingspatrone, ekonomiese toestand en -ontwikkeling asook die politieke situasie, sekere beplanningsaspekte, die geografie en die geskiedenis van die land te bestudeer.

Verder word daar ook vanjaar skakeling met die P.N.B. beoog en sal die Instituut ook help met die Simposium wat die Sentrum vir Internasionale Politiek vir Augustus vanjaar beplan.



Ek wens die verf van die bankies wil nou droog word.

# SKENKING VIR P.U. UIT BOEDEL

**'n Skenking van R15 000 en boeke uit 'n nalatenskap uit die boedel van wyle dr. Anthony Hendrik Lugtenburg en sy eggenote wat onlangs oorlede is, is deur 'n suster van dr. Lugtenburg, mev. Cato van der Walt, aan die Potchefstroomse Universiteit gegee.**

Mev. Van der Walt, die eerste vrou wat 'n B.Sc.-graad aan die P.U. verwerf het, het die skenking, een van die eerstes wat die Universiteit uit 'n nalatenskap ontvang aan prof. H. J. J. Bingle, rektor van die P.U., in sy kantoor oorhandig. Dr. Lugtenburg het die graad B.A. in 1916 aan die ou Literariese Departement van die Teologiese Skool van die Geref. Kerk, die voorganger van die P.U., ontvang. Hy is op 19 Desember 1953 oorlede en was tot sy dood dosent aan die Pretoriase Onderwyskollege. Dit was vyf dae voor sy sestigste verjaarsdag.

Dr. en mev. Lugtenburg het geen kinders gehad nie. Volgens die boedel van mev. Lugtenburg is die R15 000 nagelaat om die Anthony Hendrik Lugtenburg Studiefonds te stig. Sy het bepaal dat dit aan nagraadse studente in die Chemie, Fisiologie, Wiskunde of Plantkunde toegeken word.

'n Aantal boeke wat met haar dood in haar biblioteek was, is ook aan die P.U. nagelaat.

Mev. Lugtenburg het ook R1 000 aan 'n tehuis in Pretoria gelaat en haar klere en tasse aan die Freda Hartly Shelter, ook in die hoofstad. Aan bediendes wat met haar dood in haar diens was, het sy elk 'n bedrag geld gelaat.

In antwoord op die oorhandiging het prof. Bingle gesê dat hy baie jammer is dat hy eers na die oorlyde van mev. Lugtenburg van die bemaking gehoor het. Soos in ander gevalle sou hy graag die oorlede egpaar persoonlik vir die mooi gebaar wou bedank het terwyl hulle nog geleef het.

Prof. Bingle het gesê dat die student wat met ongeveer 55 tot 65 persent slaag, gewoonlik die bestendige student en burger is wat die gemeenskap dra. Juis vir die groep is daar min studiebeurse. Prof. Bingle het die versekering gegee dat hy sal toesien dat die Anthony Lugtenburg Studiefonds in besonder vir hulp aan die studente wat gemiddeld presteer, aangewend sal word.



HUISVADERS

**Voor van links verskyn proff. S. C. W. Duvenage (Oosterhof en Klawerhof), W. J. de Klerk (Karlien), mnr. J. J. Hattingh (Kasteel), en prof. T. van Dyk. Agter is proff. D. P. Erasmus (Heide), W. N. Coetzee (Thaba Jah en Kulu) en S. J. Preller (Over de Voor en Dawie Dup).** *Foto: Fotokuns.*

# P.O.K. BESOEK DIE P.U.

**„Dit is die eerste keer in ongeveer tien jaar dat die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. die geleentheid en die voorreg het om die Studenteraad van P.O.K. amptelik op die kampus te ontvang vir samesprekings" het mnr. Leon Wessels, Studenteraadsvoorsitter van die P.U. Dinsdagaand gesê.**

Na die aanvanklike bekendstelling van die onderskeie studenteraadslede het die gesamentlike vergadering aandag gegee aan prakties-organisatoriese sake.

Bespreking is gewy aan die benutting van personeellede op besture en organisasies. By P.O.K. bestaan die praktyk om personeel in te skakel by kampusaktiwiteite ter wille van kontinuiteit en advies.

**Hoë stempersentasies.**

Tydens die bespreking het dit duidelik geblyk dat die stempersentasie tydens verkiesings baie hoër is by P.O.K. as plaaslik. Persentasies van 98 persent is geen uitsondering nie. Die syfer word toegeskryf aan streng kontrole van huiskomitees oor stemgeregtigdes en stempunte by alle koshuise.

Beide studenterade voel dat 'n byeenkoms waartydens sake van algemene belang bespreek kan word 'n vaste instelling behoort te wees. Die aantal byeenkomste sal egter bepaal word deur die aanwesigheid van noodsaaklike agendapunte, aldus mnr. Wessels.

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

Octron-gebou
Lombardstraat

★

VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

**BULT**
**DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY**

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.
Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.
Ons trek binnekort na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98.**

TOMSTRAAT 90 TEL. 5574

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**
**„die potchefstroomse boekhandel"**
TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

die WAPAD

# DIE SR PLAAS DIE KLEM OP NOUER SKAKELING

Die Studenteraad het duidelik laat blyk dat die klem vanjaar op nouer skakeling met ander hoër opvoedkundige inrigtings sal val. Die besoek van die Verteenwoordigende Studenteraad van P.O.K., die ontvangs van die besoeker van die Universiteit van Stellenbosch en die beoogde besoeke aan U.P., R.A.U. en laaste maar nie die minste nie, die Studenteraad van die Universiteit van die Witwatersrand regverdig geen ander afleiding nie.

Die daarstel van beter verhoudinge tussen die taalgroepe deur skakeling op studenteraadsvlak kan nie ligtelik afgemaak word nie. Tradisioneel bestaan daar 'n diepe kloof tussen die Afrikaanse Studentebond en Nusas, en heeltemal geregverdig ook. Organisasies met uiteenlopende belange en belangriker nog, uiteenlopende grondslae, kan nie amalgameer nie. Terselftertyd kan die noodsaak vir welwillendheid en samewerking, waar dit nodig blyk, nie weggeredeneer word nie. Vanweë die diepe kloof is skakeling tussen Nusas en die A.S.B. prakties buite die kwessie. Die toenemende ontevredenheid met NUSAS op Engelse Kampusse is opmerkbaar, hoewel dit geensins vertolk moet word as sou Wits en die PUK nader na mekaar beweeg as gevolg van genoemde ontevredenheid nie. Wat hier in die vooruitsig gestel word is die natuurlike verloop van sake in 'n land waar omstandighede van buite die mense noop om hand aan hand die toekoms in te gaan. Die bestaan van ideologiese verskille hoef nie vyande van die burgers van een land te maak nie. Indien die beoogde samekoms die bestaande verskille aksentueer, sal dit nog geensins op 'n mislukking dui nie. Daar is in elk geval genoeg op Studenteraadsvlak om 'n tydjie van samesprekings voor af te sonder, sonder om te verval in 'n strukturele eenheid waarin beide groepe gekomprommitteer word. Skakeling van hierdie aard is wat die A.S.B. impliseer in 'n beleid van ad hoc-skakeling.

Intussen het die S.R.V.P. (Studente Regsvereniging van Potchefstroom) hom netso deeglik van sy taak in Port Elizabeth gekwyt, deur nie mee te doen aan 'n veelvolkige organisasie binne die landsgrense van die Republiek nie. Sodra die voorgenoeme Nasionale Studente Regsvereniging binne die grense van Suidelike Afrika beweeg en hom tesame met parallelle Swart organisasies skaar by 'n Internasionale Studenteregsvereniging, kan toetrede gunstig oorweeg word. Die totstandbrenging van Saso (South African Student Organisation) en die klem op 'n eie bewussyn kan seer sekerlik mutatis mutandis oorgeplaas word op ander verenigings ook. Die Afrikaanse student kan veel eerder op gelyke voet met sy Swart eweknie beweeg indien aan alle groepe die voorreg gegun word om onafhanklik op te tree.

Nouer kontak in Suidelike Afrika sal seer seker alhoemeer op die voorgrond tree en hoe gouer standpunt hieroor ingeneem word, des te beter sal die ideale van alle betrokke partye verwesenlik kan word.

Die Studenteraad het hom nog nie uitgespreek oor daadwerklike skakeling met ander groepe as Afrikaans- en Engelssprekendes in die nabye toekoms nie, maar 'n beweging in hierdie rigting is sekerlik nie te vergesog nie. Die besoek aan die Bantoewoonbuurt van Potchefstroom verlede Woensdag kan as voorloper van planne in hierdie rigting beskou word. Indien dit nie in die vooruitsig gestel word nie, is sodanige besoek in elk geval van onskatbare waarde. Die vraag ontstaan egter wat die reaksie van die plaaslike studente sal wees indien besoekers van die Bantoeuniversiteite op die kampus sou opdaag, 'n definitiewe konsekwensie van nouer kontak met andersvolkige groepe.


CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

*Agente vir . . .*

★ REVLON- EN RIMMEL SKOOHNEIDSMIDDELS

★ TABAC PREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens.**

TEL. 4201 — TOMSTRAAT 92

●

*Groot genoeg om u te bedien*

*Klein genoeg om u te ken.*


# SAMEWERKING 'N ILLUSIE?

Die indrukke van die deursnee Brit oor Suid-Afrika? Of selfs die sg. „ingeligtes"? Ontstellend eensydig. Aan die anderkant kan natuurlik geargumenteer word dat die indruk wat die deursnee Suid-Afrikaner van Brittanje het, net so eensydig is. Beide stellings is waar, dog die verskil lê daarin dat die nuus wat in Brittanje aangaande Suid-Afrika deur die pers, radio en televisie gebruik word, geheel eensydig en negatief is, terwyl die omgekeerde in 'n mindere mate die geval is. Lê die oorsaak nie miskien daarin dat die bronne (korrespondente, nuusagentskappe ens.) in Suid-Afrika net die een kant van die storie hoor, omdat hulle dikwels nie Afrikaans verstaan nie? Daar is darem die „positiewes" ook: diegene wat, hoewel hulle meestal nie met jou saamstem nie, bereid is om ons 'n kans te gee om ons saak te bewys en daarby besef dat die veelvolkige situasie in Suid-Afrika veel ingewikkelder is as wat dikwels besef word — dat 'n oplossing nie gevind kan word deur middel van die gebruikmaking van veralgemeende slagkrete of „universele" norms nie; die situasie is eiesoortig en verg daarom 'n eiesoortige oplossing.

Feit is dat nagelang die gelykmakingsproses wat dwars oor die wêreld aan die gang is toeneem, gepaard met die geweldige sekularisme, die druk op Suid-Afrika steeds gaan verhoog. Ons kan ons oë nie daarvoor sluit nie.

U vra om voorbeelde ter illustrasie van die genoemde onkunde. Daar is talle, dog die volgende is voldoende: die vraag of die Bantoes in Suid-Afrika ook 'n regsgeding in 'n „blanke"

**studentemening**

hof kan instel; die vraag of 'n Bantoe geregtig is op regsverteenwoordiging wanneer hy in 'n hof moet verskyn. Die oorsaak hiervan lê, soos gesê, in die eensydige beeld wat van Suid-Afrika geskep word deur o.a. 'n rolprent soos „The end of a dialogue", om nie te vergeet van Pres. Kaunda wat oor die beeldradio vertel het van die verwoesting wat die Suid-Afrikaanse Weermag in sy land saai nie. En die Britse publiek glo dit alles.

'n Duidelike manifestasie van die negatiewe indruk wat oor Suid-Afrika bestaan, het na vore gekom in 'n meningsopname wat 'n Britse koerant gedoen het aangaande die publiek se mening oor wapenverkope aan Suid-Afrika; slegs 31 % van die Konserwatiewe Party (mnr. Heath se party) was ten gunste van wapenverkope. Ek het die indruk gekry dat die persone wat teen wapenverkope is, bereid is om Suid-Afrika op die altaar te plaas, verlore te laat gaan vir die Westerse beskawing en op te offer aan die Kommunisme, solank rassisme, apartheid en diskriminasie (almal sinonieme) maar daardeur in die niet sal verdwyn.

Ons Suid-Afrikaners besef nie aldag hoe dit wat vir ons 'n leefwyse is, vir die buiteland totaal onbegryplik en onaanvaarbaar kan wees nie. Juis as gevolg van die delikate situasie t.o.v. ons buitelandse betrekkinge en ons binnelandse volkereverhoudinge, moet ons daarteen waak om met 'n luide geroep van geykte cliche's, in tradisiepatrone te verstar. Hoeveel van ons kan



**Mnr. T. J. Kruger lewer hierdie week sy laaste bydrae oor indrukke in Brittanje wat hy die afgelope vakansie opgedoen het.** *Foto: Fotokuns.*

werklik die beleid van afsonderlike ontwikkeling in beginsel omskryf en motiveer, sonder om blote tradisie tot 'n norm te verhef? Ons taak en roeping is voorwaar uitdagend groot.

Dit is miskien goed om jouself so nou en dan uit jou eie tradisionalistiese denkpatroon te ruk en objektief te besin oor die situasie in Suid-Afrika. Is on „unawareness" nie dikwels die grootste struikelblok wat ons in die pad lê nie?

As ons ons volkerebeleid suksesvol wil deurvoer, is dit nodig dat die blanke Suid-Afrikaners almal hulle deel sal bydra daartoe — 'n verenigde front is noodsaaklik. Die doel van ons toer was o.a. ook om die twee taalgroepe geleentheid te gee om nader aan mekaar te kom en 'n beter verstandhouding op te bou. Wat is hou die moontlikhede tot samewerking, geoordeel aan die verhouding tussen en standpunte van studenteleiers van agt Suid-Afrikaanse universiteite? Laat ek dit as uitgangspunt stel dat ek die bona fides van elke Suid-Afrikaner, Afrikaans of Engels, t.o.v. 'n eerlike strewe na 'n oplossing, aanvaar. Wanneer 'n Suid-Afrikaner egter in Londen 'n petisie van die Anti Apartheid Movement i.s. wapenverkope aan Suid-Afrika ondertaken en daarmee te kenne gee dat hy hom met 'n militante organisasie soos die genoemde assosieer, beskou ek dit as die toonbeeld van patriotisme nie—inteendeel. Of wanneer 'n mede Suid-Afrikaner smalend verwys na die sg. „tipiese mentaliteit" van die Afrikaner (waarvan ons die draers is) en die „onchristelikheid" van die volkerebeleid soos deur die Afrikaner voorgestaan, is dit nie juis 'n toonbeeld van 'n positiewe gesindheid tot samewerking nie.

Sodanige voorvalle om maar enkeles te noem gee aan 'n andersins geslaagde toer 'n wrange smaak. As dit die houding van die meerderheid Engelstalige studente in Suid-Afrika sou wees (wat ek nie hoop dit is nie) is samewerking met hulle op politieke gebied 'n blote illusie. Dan, om die ... van die Engelstalige pers te gebruik, sou dit beter wees om „laager te trek".

'n Verantwoordelike roepingsvervulling is wat ons land van ons vra — ook van u en my.

# VROUE-KARAKTERS

„Die Vrouekarakters in die romans van Andre P. Brink," is die onderwerp vir die eerste vergadering van die Vereniging vir Taal- en Letterkunde.

Die vereniging vergader op 31 Maart om 7.30 n.m. in kamer 3 van die Frans du Toitgebou. Die spreker by die geleentheid is mnr. M. Seyfret.

Alle belangstellendes is welkom om die vergadering by te woon.

# Uit die Woord

**2 Sam. 12:13 — „Ek het gesondig teen die Here".**
**Ps. 51:6 — „Teen U alleen het ek gesondig . . . "**
**Luk. 15:18 — „Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor U . . . "**

*Is dit nie baie nodig in ons tyd om ernstig tot die besef te kom dat ons teen God sondig nie?*

*Ons het die Here tot 'n groot mate weggedink uit ons lewens. Hy kom net by sekere tye en onder sekere omstandighede in ons gedagtes op. Tot 'n groot mate is alleen Sondag in die kerk vir Hom afgesonder.*

*Die aangehaalde Skrifgedeeltes is baie duidelik in hulle boodskap: Al ons sondes is ten diepste sonde teen die Here. Daaroor moet ons besin. Moenie sommer hier verby lees sonder dat dit tot u deurgedring het nie: al ons Sondes is teen die allerhoogste majesteit van God begaan. En onse God is 'n verterende vuur. Dit is tog 'n aangrypende besef. My oortreding mag wel in die geheim wees sodat geen ander mens daarvan weet nie. Maar die alomteenwoordige God, wat Hom nie laat beperk tot Sondag, of watter tye ek as mens wil nie, Hy weet dit.*

*As ons daarom lewe uit die geloof, as God in Christus die sentrale, onafgebroke plek in ons lewens inneem, dan sal ons meer erns maak met die sonde. Dan sal ons deur die Trooster, die Heilige Gees, ook oortuig word van sonde en geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8).*

*Wat mense betref het Dawid owerspel bedryf met Batseba en hy het haar man gruwelik laat omkom, vermoor. Dit lyk na die ergste. Maar die diepste van sy oortreding: „Ek het gesondig teen die Here". „Teen u alleen het ek gesondig".*

*Die verlore seun het sy vader erg bedroef, hy het sy besittings deurgebring. Maar die ergste vir die gelykenis is dit wat die berouvolle seun dan ook eerste bely: „Ek het gesondig teen die hemel".*

*Die sondes van die mens is alles ook werkringe van die satan, die teëstander en vyand van God. As ons sonde doen, is ons in sy diens, teen God.*

*Bid om 'n groter geloof en lewe elke oomblik met God wat u sien en ken. Bely u sonde by bedes om vergewings uit genade. 'n Gebroke en verslae hart sal God nie verag nie.*

## OOR DIE ONDERDEUR

„Sleep jy vas?" „Nee, hoekom?" „Wel ons het jou nou al 'n paar keer saam met hom gesien". Dan was die paar maal seker so twee of drie keer. Oral hoor jy altyd dieselfde klagte. Asters' sleep, sê tweemaal, met dieselfde persoon en dan word hulle name net doodeenvoudig gekoppel.

Dis jammer, want so het menige ou al 'n uitnodiging teruggehou wat dalk wel 'n verhouding sou kon beteken. Waarom moet ons ander so eng in groepies van twee klassifiseer? Daarom poog ek om minstens 'n paar „feite-aksies" neer te pen.

Daarvan getuig die groot verlowing tussen **Oosterhof** en **Makouvlei** en **Karlien** met **Over-de-Voor.** Massasleep is tog maar lekker, of hoe? Veels geluk dus ook aan **Klawerhof** en **Liberalia** wie se „kys" nog stewig is.

**Hettie Coetzer** van Oosterhof hou van 'n ding ekstra goed. Dus was twee verlowings net die ding, eerstens aan **Tony** en tweedens **Makouvlei.** Ai die troukoors! **Linda Theron** en **Wim** het ook woestyn toe gegaan en gaan blinkklip soek. **Daar't** hulle vir **Martie Kruger** en **Tienie** sowel as **Santie Kruger** en haar groot liefde raakgeloop. Die klippies is toe mooi gedraad en „oorhandig". Geluk julle!

Met **Theuns Kruger** en sy **Hettie Bezuidenhout** gaan dit volgens die petroljoggies nog baie goed! **Nesta Marais** hou maar by **Botter** op „Bothabrood". **Philma van Rensburg** en **Tom Bisschoff** sê dit gaan nog goed met die Puk se kas. Alle verdruktes kan maar kom aanklop.

Tot **Kosie Coetzee** het van die arme Tuks weggeloop na die ryke Puk. Hier is mos sy **Lizzie Woite** en soos bo gesien altyd geld. Welkom Kosie. So ook aan die van ander universiteite, maak julle tuis. Ons het nou wel nie sleepbankies nie, maar daar's baie „parkeer-belemmerpaaltjies" op die kampus.

**John Stonlake** en **Susan Theron** berig net soos **Jan Lategan** en **Elsa Steenkamp** uit Makouvlei dat dit met hulle goed gaan.

**Andries Coetzer** pla knaend na twaalf vir **Triena Roestorf.** Triena se kamer lyk al soos 'n blomtuin. Ai dis groot as dinge sterk is . . . of hoe?!

**Elfie Lessing** en haar **Fasie de Kok** kou nog steeds aan dieselfde tolletjie gare.

**Hilta Liebenberg** gooi net Colgate-glimlagte vandat haar **John Raadt** hier is.

Hoe wyk die mense tog so uit plaas toe? Wat trek julle soontoe? Dis te knaend. **Martha Sietsema** en **Jan** sal seker hierop kan antwoord.

Ai die nuwe is darem maar altyd 'n groot aantrekking. Die knaendste was sover **Paul Jordaan** en **Martie de Witt.** Die volgende weke sal seker heelwat nabootsings van die voorbeeld oplewer. As mens darem aantrekkingskrag het! **Annelize Bergh** se sleepsel het eenvoudig uit Suidwes gedros en solank asiel by Tukkies gekry. Dis darem baie vader.

**Andries Krogman** en **Lana Conradie** se fondasie van drie jaar is klaar gelê, nou kom die groot sleep.

Voorbeelde van goeie vasbyt is **Paulieta Myburgh** en **Coenie de Jongh** sowel as **Hans Jonker** en **Annemarie de Villiers.**

Die Venters! **Paulus Venter** en **Rika Venter, Marietjie Venter** en **Japie Venter,** wonder of hulle bang was hulle raak deurmekaar.

Saam met **Kobus Booyens** en sy **Gerda Muntung** sê ek dis lekker om te sleep en voorspoed so sonder sitplekke.

„EKKE"



Prof. J. H. Grobler.
*Foto: Beyers Claassen.*

# Professor word Burgemeester

Prof J. H. Grobler, hoof van die Departement Grieks van die Universiteit, is Maandag op die jaarvergadering van die Potchefstroomse Stadsraad tot Burgemeester verkies. Hy volg mnr. J. C. Oosthuizen op wat die pos twee jaar lank beklee het.

Prof. Grobler dien reeds ses jaar op die Raad waarvan vier jaar, met 'n kort onderbreking aan die begin van 1970, as voorsitter van die Bestuurskomitee.

Die onder-burgemeester is mnr. M. Singer. Hy was reeds burgemeester van Potchefstroom en die afgelope jaar het hy dieselfde posisie beklee.

Die nuwe Bestuurskomitee sal eerskomende Maandag verkies word.

# TWEE V..N SR BEDANK

Twee Studenteraadslede van die Universiteit het tydens die vergadering van die Raad verlede Dinsdag (23 Februarie) bedank as raadslede. Hulle is mnre. Tiaan Coetsee en Lieb Liebenberg.

Mnr. Coetsee het sy voltydse studies gestaak nadat hy 'n pos by die Departement Inligting aanvaar het. Hy is een van elf kandidate, uit tweehonderd aansoeke, wat gekies is om as kadet in die Departement opgelei te word.

Mnr. Liebenberg se bedanking volg op 'n voltydse aanstelling in die Departement Industriële Chemie aan die Universiteit.

# Interfakultêre Lesings

Die jaarlikse interfakultêre lesings van die Universiteit is vanjaar op Woensdag 10 Maart en die tema is „Kragbronne van Suid-Afrika".

Die drie sprekers wat vanjaar optree, is soos volg:

Prof. D. P. Erasmus, Direkteur van die Algemene Buro van Ekonomiese Navorsing en hoof van die Departement Ekonomie aan die P.U., wat oor „Kragbronne van Suid-Afrika — ekonomies beskou" sal om 8.30 optree.

Prof. J. F. de Beer, hoof van die Rekensentrum en die Departement Rekenaarwetenskap van die P.U. sal om 9.30 praat oor „Fisies/Chemiese energiebronne van Suid-Afrika."

Om 11 vm. praat prof. J. H. van Wyk, professor in die Departement Interfakultêre Wysbegeerte aan die P.U., oor „Kragbronne van Suid-Afrika — geestelik/teologies beskou."

# STUDENTESENTRUM VIERLEDIG

**„Die ontwerp van die Studentesentrum is veel meer ingestel op ruimtes vir aktiwiteite as wat dit 'n argitektoniese ‚ding' gaan wees. Daar sal geleentheid geskep word om 'n groot aantal aktiwiteite bymekaar te bring ter wille van wisselwerking," het mnr. B. Brits, argitek van die Studentesentrum, gesê toe die planne op 'n vergadering van die Personeelklub verduidelik is.**

Die Studentesentrum is so geleë dat die hoofverkeer van studente deur die gebou sal loop. Dit beskik dan ook oor 'n breë gang waarlangs studente dwarsdeur die gebou kan beweeg en alles kan sien wat gedoen word.

„Die doel hiervan is om al die bedrywighede nie in ‚eilande van aktiwiteit' te laat verdwyn nie, maar om die eenheid te behou. Dit sal studente ook stimuleer om aan die verenigingslewe of sport deel te neem," het mnr. Brits gesê.

Met die ontwerp van die gebou is veral op vier aspekte klem gelê: dit moet 'n kommunikasiesentrum wees; 'n duidelike roetepatroon hê; die argitektuur moet sterk wees en by bestaande geboue inskakel om ruimtes en nuwe terreine te vorm en dit moet eenvoudige, geometriese vorms hê.

Die gebou sal in breë trekke voorsiening maak vir 'n studentesaal, ontspanningskamers, 'n kafeteria, twee koffiekroeë, 'n sportsentrum, amfiteater en Studenteraads- en verenigingsfasiliteite. Daar sal ook twee onthaalsale wees en voorsiening word gemaak vir die bou van 'n binneshuise swembad in die toekoms. Oral in die gebou is afkykposisies vanwaar veral die sport dopgehou kan word.

Mnr. Brits het verder gesê dat die strewe en doelstellings van 'n universiteit deur die argitek aangevoel moet word alvorens hy geboue vir die universiteit ontwerp.


Die

- LUUKSTE
- MODERNSTE
- NUUTSTE

**W. P. MANSHAARSALON**

LUGGEREEL VIR U GERIEF

★

LEWIS ARKADE
Regoor 20th Century Teater
TEL. 6561


# NUWE DOSENTE

Prof. G. C. P. van der Vyver en J. L. Helberg en dr. J. C. Coetzee is op 19 Februarie in die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Noord, as nuwe dosente aan die Teologiese Skool bevestig.

Ds. A. A. Venter, voorsitter van die Kuratorium, het die erediens gelei, waarna die nuwe personeellede die formulier onderteken het. Ds. J. J. van der Walt van Kimberley het die bevestigdes namens die Kuratore gelukgewens waarop aldrie geantwoord het.

Die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, het die gelukwense van die Universiteit aan hulle oorgedra en prof. T. van der Walt, rektor van die Teologiese Skool, het hulle ook verwelkom en daarop gewys dat dit 'n unieke gebeurtenis is dat drie nuwe dosente gelyktydig bevestig word.

Onder die aanwesiges was prof. J. Chr. Coetzee, vorige rektor van die Universiteit en die vader van dr. Coetzee. Sy eggenote kon weens gesondheidsredes nie die verrigtinge bywoon nie.




# Universiteitskoor Gestig



Mnr. Leo van Schaik.
*Foto Fotokuns.*

„Ook vanuit die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur sal daar vanjaar gepoog word om nie net die Pukstudent se belangstelling in aksies te prikkel nie, maar ook om hom aktief te laat deelneem" het die voorsitter van die liggaam, mnr. Leo van Schaik, in 'n onderhoud met *Die Wapad* verklaar.

Die belangrikste aksie vanaf die hoofbestuur is verlede Dinsdagaand geloots, toe oorgegaan is tot die stigting van 'n Universiteitskoor. Die idee hieragter is om aan alle studente wat belangstel en die nodige talent het, die geleentheid te gee om hierdie talente te ontwikkel. Die koor sal onder leiding van prof. Pieter de Villiers van die konservatorium staan, terwyl hy ook self die keuring op individule basis sal doen. Die uiteindelike produk sal vergelykbaar wees met die Ambassadeurskoor van U.P. of die Stellenboschse Universiteits, koor.

'n Aksie waaraan die gewone studente kan deelneem, en wat veral tot die romantieses van hart sal spreek, is die jaarlikse interkoshuis sêrkompetisie. Mnr. van Schaik wys daarop dat die datums, nl. Donderdag en Vrydag 25 en 26 Maart in die Sakboekie gepubliseer is. Net soos verlede jaar word wye belangstelling en 'n hoë standaard van hierdie kompetisie verwag.

'n Interessante aksie waaraan elke student ook kan deelneem, is die bevordering van Afrikaans op die kampus. Volgens mnr. van Schaik is die doel hiervan dat die student bewus moet word dat hy Afrikaans gebruik — op die kampus, in sy vakwetenskap, op die sportveld en in die koshuise. 'n Uitvloeisel hiervan kan die samestelling van 'n studente woordeboek wees.

Vir die operaliefhebbers het mnr. van Schaik die versekering gegee dat hierdie jaar voortgegaan word met die reël van busse na opera-uitvoerings gedurende die operaseisoen in Johannesburg.

Al bogenoemde is egter net 'n voorsmakie van wat die A.B.K.K. vir 1971 beplan. Die res van die aksies sal mettertyd bekend gestel word en beloof om baie interessant vir 'n ieder en 'n elk te wees.



Mercedes Molina.

# 'N AAND IN SPANJE

„'n Aand in Spanje" is die titel van 'n Trukaanbieding op 17 Maart in die Potchefstroomse stadsaal. Die kunstenaars wat optree, is Mercedes Molina, danseres, Enrique Segovia, danser, Doris Brasch, sangeres en Anna Bender pianiste. Die soliste word bygestaan deur die Spaanse Dansteater.

Mercedes Molina, wat haar eerste opleiding in Kaapstad ontvang het en later in Londen studeer het, word deur baie beskou as meer Spaans as 'n Spanjaard. Sy het deur die hele Europa asook Amerika opgetree, voordat sy in 1957 na Suid-Afrika teruggekeer het. In Johannesburg het sy haar eie dansteater gestig wat vandag van dieselfde kwaliteit as enige Spaanse dansskool gereken word. 'n Leerling van haar, wat na opleiding in Suid-Afrika, ook in Spanje gaan studeer het, tree as Mercedes Molina se dansmaat op nl. Enrique Segovia.

Saam met die twee dansers tree die bekende Suid-Afrikaanse sopraan Doris Brasch op, asook Anna Bender, pianiste wat deur haar optredes vir die S.A.U.K. ook landswyd bekend is.

Bespreking vir die uitvoering kan by Pro-Rege Pers gedoen word.

# PERKAMENTPRAATJIES

## Kuns is Integrale Deel van Lewe

Die woord „Kuns" is geen onbekende word nie. Dit word daagliks gebruik om uiting te gee aan een of ander konsep wat die betekenis het van kuns. Hierdie konsep neem geweldige afmetings aan. Dit wissel van die sg. vakwetenskap „Kuns" tot die waardering van 'n skildery, gebou of boek. Dit word dan ook dikwels misbruik, oorbruik of sonder enige regverdiging gebruik.

In werklikheid is daar nie iets soos „Kuns" nie. Daar is kunstenaars mense wat lank gelede sketse in grotte gemaak het met gekleurde grond. Vandag koop hulle verf en woon in strakke, simetriese geboue — 'n ontwikkeling in die verskillende kunsvorme. Intussen is ook 'n alfabet ontwikkel waarmee werke van literêre waarde gelewer word.

Al hierdie bedrywighede is kuns, solank net onthou word dat hierdie woord in verskillende omstandighede en plekke, verskillende betekenisse kan hê, en dat kuns met 'n hoofletter nie bestaan nie. Kuns met 'n hoofletter „K" het 'n term geword wat gebruik word as kriterium om 'n kunstenaarse werk mee te beoordeel. 'n Kunstenaar se werk is goed maar nog geen „kuns".

'n Belangrike eienskap is die samehang tussen kuns en skoonheid. Die tradisionele siening was dat kuns dit is wat mooi is. Die moderne siening wyk met reg daarvan af, want die uitdrukking van mooiheid of soonheid kan nooit 'n kwalifikasie van 'n kunswerk wees nie. Die kunstenaar moet vry wees om die mooie sowel as die lelike uit te druk. Alleen sy unieke siening in sy estetiese ervaringe kan 'n kunsserk maak of nie. Kuns druk dus nie net skoonheid uit nie, maar skoonheid is wel een van die dinge wat in kuns uitgedruk word.

Hieruit lei ons af dat daar by kuns 'n sekere medium, tegniek, vorm en subjektiewe element moet wees. Die medium (media) dui op die materiaal wat die kunstenaar gebruik om sy gevoelens, idees en gedagtes uit te druk. Hierdie medium sal verskil van kunsvorm tot kunsvorm — van skilder tot beeldhou tot musiek — en kan ook binne een bepaalde kunsvorm verskil.

Aan die ander kant sluit tegniek die artistieke metode as 'n partukiliere formele rangskikking in. Dit behels ook die bekwaamheid en insig waarmee die kunstenaar hierdie rangskikking uitvoer en sy materiaal hanteer. Tegniek kan die verskil maak tussen 'n briljante o middelmatige kunswerk. Aan die ander kant, as die bekwaamheid en insig van die kunstenaar nie voldoende is nie of te prominent is, kan dit lei tot die verlies van die sin van die kwalitatiewe geheel wat eseensieel is vir die estetiese waardering.

Die vorm van die kunswerk het betrekking op die rangskikking en orde van die verskillende dele van die geheel. 'n Melodie is 'n rangskikking van note; 'n dans die rangskikking van bewegings. Daar moet dus kennis geneem word van sekere formele vrae of inligting voordat 'n kunswerk 'n estetiese reaksie tot gevolg sal hê. Dit sluit in: eenheid, orde, ritme, balans, proporsie, harmonie, integriteit en diepte. Die dele word in maniere gerangskik wat esteties bevredigend is, sodat daar geen onnodige artistiese spanning of lompheid is nie. Die uitbeelding moet dus dui op 'n voldoende beheersing van vorm en tegniek.

Die inhoed of subjektiewe element is dit waarmee die kunswerk te doen het en dek 'n oneindige hoeveelheid moontlikhede soos diere, home geboue, avonture, emosies en belewins. Dit kan dus die uitdrukking hiervan wees of die insig in simboliese vorme. Sommige kritici merk op dat die „hoe" en nie die „wat" nie, by kuns belangrik is.

Kuns is 'n integrale deel van die lewe en kan nie geskei word van die daaglikse aktiwiteite van die mens nie.
Wat die mens sien en voel, is intiem verbind met wat hy dink en weet. Die kuns groei dan uit die estetiese reaksie. Kuns is ook 'n uitdrukking van die kunstenaar se persoonlikheid en en dui gewoonlik ook op die lewens- en wêreldbeskouing van sy tyd. Dit is ook tot 'n groot mate die uitdrukking van kultuur. Kuns en kultuur beinvloed en dui mekaar wedersyds aan. So is die middeleeuse kuns hoofsaaklik 'n uitdrukking van die teologiese aspirasies en standpunte van die tyd, terwyl daar gedurende die Renaissance 'n opgroeiende belangstelling in die natuur ontstaan het, wat weer gelei het tot 'n verandering in die artistieke ekspressie.

Kuns vorm dus 'n integrale deel van die mens en sy kultuur. Dit kan ook van die mens en sy kultuur onderskei word as produk gelewer deur die mens in sy proses van kultuurvorming, maar dit kan nooit daarvan geskei word of daar teenoor gestel word nie.


TINAS MODEHUIS

TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM

★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE

★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD

★ ONS STUUR OP SIG UIT

★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE



BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR



UNIEWINKELS

DIE MODERNE WINKEL
VIR MODERNE MENSE

VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE

„Die Bult" en Kerkstraat 86 b, Potchefstroom.

## GOUE WESTE
INRYTEATER

Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9 nm.

★

**Vrydag en Saterdag, 5 en 6 Maart, eerste vertoning:**
**"WILD SEASON"**
Gert van den Bergh, Marie du Toit en Joe Richardson.
**Tweede vertoning:**
**"THE BROTHERHOOD"**
Kirk Douglas, Alex Cord en Irene Papas. (4-16).

★

**Maandag en Dinsdag, 8 en 9: Vrydag en Saterdag, eerste vertoning 12 en 13 Maart:**
**"THE PRIZE"**
Paul Newman, Elke Sommer, Diane Baker en Edward G. Robinson.

★

**Woensdag en Donderdag en Vrydag en Saterdag, tweede vertoning, 10 - 13 Maart:**
**"THE SCORPIO LETTERS"**
Alex Cord en Shirley Eaton (4-12).

★

**Maandag en Dinsdag, 8 en 9, Vrydag en Saterdag 12 en 13 eerste vertoning:**
**„BORN FREE"**
Virginia McKenna, Bill Travers en Geoffrey Keen.

★

**Woensdag en Donderdag en Vrydag en Saterdag, tweede vertoning, 10 - 13 Maart:**
**„RED BLOOD, YELLOW GOLD"**
George Hilton en George Martin (4-12).

## POTCH INRY
INRYTEATER

**Maandag tot Donderdag 7.00 nm.**
**Vrydag en Saterdag 6.45 en 9 nm.**

★

**Vrydag en Saterdag, 5 en 6 Maart, eerste vertoning:**
**„MIDAS RUN"**
Richard Crenna, Anna Heywood, Fred Astaire en Ralph Richardson.

★

**Tweede vertoning:**
**„TODAY IT'S ME, TOMORROW YOU"**
Brett Halsley, Bud Spencer, Tatsuya Waradi en Jeff Cameron. (4-12).

★

**Maandag tot Donderdag, 8 tot 11 Maart en Vrydag en Saterdag, 12 en 13 tweede vertoning:**
**„SHANGANI PATROL"**

★

**Vrydag en Saterdag, eerste vertoning:**
**„ONE AND ONLY GENUINE ORIGINAL FAMILY BAND"**
Walt Disney. Walter Brennon en Lesley-Ann Warren.

★

**Maandag en Dinsdag, 15 en 16, en Vrydag en Saterdag, 19 en 20, tweede vertoning:**
**„FRAME UP"**
Henry Silva en Keenan Wynn. (4-12).

★

**Woensdag en Donderdag, en Vrydag en Saterdag, eerste vertoning, 17 - 20 Maart:**
**„VIVA MAX"**
Peter Ustinov, Pamela Tuffin,


## *KUESTA '71*

# Iets vir almal

**Kuesta 71! 'n Grootste projek van die Afrikaanse Studentebond wat jaarliks geloods word. Vanaf 5 tot 10 April word hierdie kolossale projek op die universiteit van Pretoria se kampus aangebied. Elke student van elke universiteit moet sy deel bydra tot die sukses van die projek deur sy ondersteuning en bes moontlik deur sy teenwoordigheid.**

Kuesta '71 sal uit drie afdelings bestaan:

Kunsfees (uitvoerende kunste)
Kunsuitstalling (beeldende kunste)
Kursusse 71.

Die uitvoerende kunste bestaan uit 'n musiekafdeling, een vir drama en voordrag, wat insluit poësie, prosa, monoloog, verhaalkuns, mimiek ens. Die dansafdeling sluit in klassieke ballet, nasionale- en volksdanse en musikale komedie. Daar sal ook redenaarskompetisies wees, waar die politici van more geleentheid sal kry om hul talente ten toon te stel en aan die kunsfees 'n akademiese karakter te gee.

Beeldhouwerk, skilderkuns, grafiese kunste en toegepaste kunste sorteer onder die skeppende kunste. Dit sluit ook letterkunde in, waar jong Afrikaanse skrywers en digters geleentheid sal kry om dramas, kortverhale, sketse en poësie te skep vir inskrywing.

Kursusse in die praktiese kunste w.o. fotografie, motorherstelwerk, edelsteenslyp, openbare optrede, en redevoering, aqualongduik mosaikwerk, binnenshuiseversiering en batikwerk word ook aangebied.

Afrigtingskursusse in ongeveer tien sportsoorte word aangebied. Hieronder val rugby, krieket, tennis en pluimbal. Bekende sportpersoonlikhede en afrigters van oor die hele land sal optree — waaronder Denis Lindsay.

Vir almal is daar sosiale vermaak in die vorm van braaivleise, samesang, konserte, toneelopvoerings, 'n uitstappie na die Randse Paasskou en 'n rugbywedstryd tussen die noordelike en suidelike universiteite teenwoordig op Kuesta 71.

Studente sal in die moderne U.P.-koshuise tuisgaan. Belangstellendes kan navrae in die A.B.K.K.-bussie by die S.R.-kantoor plaas of direk met die Kuesta-afgevaardigde op die kampus, mnr. Johan Hoogendyk in Over de Voor in kontak kom.


## 20th Century Teater

**Maandag, Woensdag, Vrydag en Saterdag 2.15 nm., Maandag tot Saterdag 8.00 nm. en Saterdag 9.45 vm.**

★

**Vrydag 5 en Sat. 6:**
**„THE CHAIRMAN"**
Gregory Peck, Anne Heywood

★

**Saterdag More:**
**„MR. BELVEDERE GOES TO COLLEGE"**

★

**Maan. 8, Dins. 9:**
**„THE TWISTED NERVE"**
Hayley Mills, Hywell Bennett. (4-18).

★

**Woens. 10, Don. 11, Vry. 12, Sat. 13:**
**„THE GOOD GUYS AND THE BAD GUYS"**
Robert Mitchum, George Kennedy.

★

**Sat. More:**
**„A SWINING AFFAIR"**

★

**Maan. 15, Dins. 16:**
**„THE PURPLE PLAIN"**
Gregory Peck, Brennda De Banzie. (4-12).

★

**Woens. 17, Don. 18:**
**„ILLUSTRATED MAN"**
Rod Steiger, Claire Bloom.

★

**Vry. 19, Sat. 20:**
**„FRAME UP"**
Henry Sivva, Beba Concar.

★

**Sat. More:**
**„IT'S HARD TO STEAL A TON OF DIAMONDS"**




Mnr. Kobus Booyens.
*Foto: Fotokuns.*

## Kunsvereniging Soek Lede

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging is tans besig om ledelyste weer te hersien. Die vereniging nooi alle studente uit om daarby aan te sluit.

Die ledegeld bedrae 75 sent vir studente en kan by die penningmeester, prof. T. T. Cloete, inbetaal word. Die voorsitter van die vereniging is prof. G. Dekker.

Die vereniging hou gereeld tentoonstellings en verskeie lesings word gegee oor die praktiese kunste en verder word voorlesings gehou met ligbeelde.

# DRIE HOOFLIGGAME WERKSAAM

**„Ons wil aan die studente toon dat die politiek 'n wesenlike deel van elkeen se lewe uitmaak en dus nie net sommer geignoreer kan word nie. Daarom het ons vanjaar in die beplanning van ons programvergaderings probeer om aktuele onderwerpe toe te lig," sê mnr. Okkie Raubenheimer, ondervoorsitter van P.N.B.**

Die bal word met die eerste vergadering op 9 Maart behoorlik aan die rol gesit met 'n bespreking van die „Geregtelike en politieke aspekte van die Suidwes-kwessie", wat tans weer op die voorgrond getree het. Op 11 Mei word die „Politieke konsekwensies van vliegtuigskakings in die wêreld en die relevante implikasies wat dit vir Suid-Afrika mag inhou, van nader beskou. Albei bogenoemde onderwerpe sal deur kundige sprekers behandel word, maar aangesien finale bevestiging nog ingewag word, sal hulle eers later bekend gemaak word.

P.N.B. voer sy bedrywighede vir die eerste semester tot 'n hoogtepunt, wanneer hulle in samewerking met Korps Veritas Vincet en A.B.K.K. op 16 Junie 'n gespreksforum aanbied wat oor die Kleurling in Suid-Afrika sal handel. Hierdeur wil die onderskeie organisasies poog om so 'n wye dekking moontlik oor hierdie baie aktuele onderwerp te gee.

Mnr. J. H. P. Serfontein, bekende politieke skrywer van die Sunday Times, sal praat oor „Die Politieke rol van die Kleurling in Suid-Afrika". Prof. J. H. Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde aan die P.U. sal „Die volkekundige samestelling en implikasies van die Kleurling", behandel, terwyl Dr. I. D. du Plessis „Die kulturele rol en bydrae van die Kleurling in ons Afrikaanse kultuur." sal bespreek. Hierdie gespreksforum word dan ook paslik onder die vaandel van die A.S.B. aangebied ter voorbereiding van die A.S.B. kongres wat in Julie te Stellenbosch met die Kleurling as tema gehou sal word.

Mev. Helen Suzman, L.V. vir Houghton, sal die Puk in die tweede semester besoek om die laaste programvergadering van P.N.B. te kom toespreek.

Behalwe die vergaderings beoog P.N.B. ook die uitgee van vlugskrifte.

## *MEESTERSKONSERT*

# *„O RING AAN MY VINGER"*

Meesterskonsert: 27 Februarie 1971.
Kunstenaars: Sybil Michelow (alt) en Lionel Bowman (klavier).
Konservatorium, P.U. vir C.H.O.

'n Heerlike verassings-aand! Sonder om vooraf van die programkeuse bewus te wees, lê die eerste verassing in die Schumann-siklus, „Frauenliebe und Leben" en die tweede in die besonder-aangename kwaliteit van Sybil Michelow se stem.

Met die eerste stemmingsvolle tone van „Sedert ek hom die eerste keer gesien het" het die sangeres mens saamgeneem op 'n boeiende wyse deur die liefde en lewe van die vrou. Met stille oortuiging het sy, in duidelike Duits, elke sielsroering wat Schumann in die musiek vasgelê het, oorgedra. Die hoogtepunt was myns insiens, „O, ring aan my vinger" terwyl die laaste eensame klanke van die afskeid oor die klaviernaspel in die luisteraar se ore en hart bly klink het.

Lionel Bowman, wat die begeleiding waargeneem het, het ook as solis opgetree. Hy het die program geopen met 'n sonate van Mozart en ook die Impromptu in B-mol van F. Schubert voorgedra.

Die res van haar program het mej. Michelow gewei aan drie liedere uit „Liefde en Verlatenheid" van Arnold van Wyk, asook 'n aantal moderne liedere. Laasgenoemde was almal van ligter aard en op 'n skalkse wyse het die sangeres telkens daarin geslaag om die gehoor te laat deel in die „grappie".

Met pragtige stembeheer, suiwer intonasie en volkome oorgawe het sy onder andere 'n aria van Handel as toegif aangebied om die aand op 'n aangename wyse af te sluit.

## *IN LIGTE LUIM*



**„Het ek jou nie gesê dat jy nié jou hare mag laat sny nie!"**



**„So ja, nou is dit weer my beurt om in die skadu te lê."**


DIE
## INSLEEP RESTAURANT
**WAARHEEN ALMAL SLEEP**
**Koshuisbestellings: 6039**



***HUIS en TUIN***
**TEL. 4641**
★
U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

## Pukke wat presteer . . .

# ANDRIES KROGMAN


Andries Krogman.

Andries Ferdinand Krogman is op 23 Oktober 1951 te Middelburg (Tvl.) gebore. Hy groei op te Standerton, en gaan skool by die Laerskool De la Rey, later in Florida Hoër. Tans is hy 'n eerstejaar — B.A.-student, en beoog hy om later onderwyser te word.

Krogman het in sy st. 7-jaar onder invloed van Springbok Jan Barnard, begin hardloop. Die volgende jaar, as o/16-atleet het hy reeds die myl in 4 min. 28 sek. afgelê. Toe hy o/17 was, het hy tweede gekom in die Harrismitse Bergwedloop — 'n unieke prestasie. In 1969 het hy die S.A.-juniortitel in die 3000m verower, en verlede jaar het hy sy eerste 5000m-wedloop in 14 min. 49 sek. gewen.

Gedurende die S.A. kampioenskappe verlede jaar het hy die 10 000m in 30 min. 34 sek. gewen — dieselfde tyd waarin hy 'n rukkie tevore die Suid-Transvaalse titel gewen het.

Krogman neem deesdae veral aan die 5 000m en 10 000m deel. Sy tye hiervoor is onderskeidelik 14:20 en 30:20. Hy mik nou na 29 min. in die 10 000m. Hy oefen tweekeer per dag, en draf tot 100 myl per week. Hy word afgerig deur Jan Barnard.

Sy belangrikste verowering was seker die S.A.-senior landlooptitel in September 1970. Hy het die baan te Welkom in die goeie tyd van 39 min. 40 sek afgedraf.

Krogman is entoesiasties om, „oor 'n paar jaar" 'n goeie Marathon te hardloop.

# KRIEKETSPAN RUK REG

## Voor op eerste beurt

**Die Pukke se eerste krieketspan het Saterdag sommer stukke beter vertoon in hulle wedstryd teen Stilfontein as die vorige week teen Strathvaal. Hulle het op die oomblik die hef stewig in die hande en behoort ten minste op die eerste beurt te wen.**

Stilfontein het eerste gekolf en was almal terug pawiljoen toe vir 144 lopies. Shelbouler Hennie van Vuuren het een van die beste vertonings van sy loopbaan gelewer en 5 penne vir 40 lopies ingeoes. Die hoë aansien wat sy boulwerk in sommige kringe in Wes-Transvaal geniet, was Saterdag gewis nie misplaas nie.

Nico Breedt het die kolwers ook hoofbrekens besorg en het 2 paaltjies vir 30 lopies geneem. As hy net die paaltjies meer akkuraat aanval sal hy baie meer slagoffers eis.

Rugbyspringbok Paul Durand bly 'n goeie krieketspeler. Hy het vir die besoekers die meeste lopies aangeteken, naamlik 42. Derek Moore het 22 bygedra, die tweede meeste.

Die Pukke het daarna met vertroue gekolf. Van die halfhartige hantering van die kolwe van 'n week gelede was niks te bespeur nie. Met uitskeityd het hulle reeds 74/1 op die telbord gehad.

Philip Schlebusch het goed vertoon totdat hy sy paaltjie met sy telling op 27 verloor het. Andre Laas met 31 n.u.n. is nog voor die penne en hy bewys weer sy waarde vir die Pukspan bo alle twyfel. Paul Durand het sover die eerste paaltjie omgekap.

Stilfontein is net nie meer dieselfde aanvallende span wat hulle aan die begin van die seisoen was nie. Dit lyk onwaarskynlik dat hulle weer vanjaar die liga gaan wen soos verlede seisoen en hierdie toedrag van sake het hulle heelwat van hulle vuur ontneem.

Die Pukke kan hierdie situasie nou goed uitbuit. Met nog nege penne staande en 'n agterstand van slegs 70 lopies op die eerste beurt, kan hulle Stilfontein se totaal maklik verbysteek. As die studente hulle kaarte goed speel kan hulle selfs nog voluit wen.

Sake in die liga is in elk geval besig om nou uiters spannend te verloop. Indien Dorp vir Strathvaal op die eerste beurt klop (wat op hierdie stadium beslis so voorkom) en die Pukke klop vir Stilfontein op die eerste beurt, is die studente weer voor in die liga met Dorp tweede. In so 'n geval mag die tuiste van die beker dan deur twee Potchefstroomse spanne uitgespook word — Dorp en die Pukke.


**Die nuutverkose huiskomitee van Kasteel is heel agter, Riks de Lange; middel — Fanus van der Merwe, Johan Wagner, Kruger van der Walt, Chris Schoeman (Primarius), Patrys Swart, Paul Kruger en voor — Piet Taljaard en Carl Dietsch.**

*Foto: Fotokuns.*

# KASTEEL KIES HUISKOMITEE

**Kasteel het sommer met die intrapslag van die akademiese jaar verkiesing gehou om 'n nuwe huiskomitee te verkies. Anders as die ander koshuise wat gedurende die vakansie heeltemal verlate en onveranderd voorgekom het, het Kasteel gedurende die vakansie ses vlerke bygekry om sodoende 420 studente te kan huisves.**

Daar is toe van owerheidsweë gevoel dat met die geweldige vermeerdering van studente 'n nuwe huiskomitee verkies moet word wat verteenwoordigend van al die inwoners sou wees. Elke vlerk of vleuel sou dan op die huiskomitee verteenwoordig word. Die manne wat die paal gehaal het, is Chris Schoeman (Primarius), Piet Taljaard, Patrys Swart, Karl Dietzsch, Riks de Lange, Paul Kruger, Kruger van der Walt, Johan van der Westhuizen, Fanus van der Merwe en Johan Wagner.

Die nuwe huiskomitee het by monde van mnr. Chris Schoeman hul beleid vir die jaar as volg gestel: „Ons wil 'n eenheidsgees onder die inwoners van Kasteel skep wat juis noodsaaklik sal wees vanweë die grootheid en uitgestrektheid van die koshuis. Verder beoog ons om Kasteel die toonaangewende koshuis op die kampus te maak deur in 'n gesonde gees aan alle studente-aksies deel te neem. Die enigste probleem is dat ons tot dusver nie 'n ontspanningsaal het nie, wat byeenkomste van die inwoners 'n bietjie bemoeilik.

Die Eerstejaars het dan ook die woorde van hul Primarius bewaarheid laat word deur met die louere by die Eerstejaars atletiek byeenkoms weg te stap. Dit is dan ook nie te moeilik om te begryp nie, want daar is 'n 180 van hulle — heelwat meer as byvoorbeeld die hele studentetal van Kompleks.

# KORFBAL OP DREEF

Saterdag, 27 Februarie 1971, het die P.U.-Dameskorfbalklub 'n uitnodigingspan na Carletonville gestuur waar die dames teen Goldfields gespeel het. Afgesien van die wind en stof en 'n paar verdwaalde reëndruppels het die Pukke dan ook die kragmeting gewen met 'n telling van 18-9.

'n Sekere aanwins vir die Pukke is mev. Burgerine Riekert Springbokkorfbalspeelster van 'n paar jaar gelede, wat nou buitemuurs studeer en alhoewel sy op Lochvaal (naby Vanderbijlpark) woon, ontsien sy geen moeite om vir die Pukke te speel nie.

'n Toer na Noord-Transvaal is gereël vir die Aprilvakansie, wat die speelsters die geleentheid sal gee om kragte te meet teen spanne buite die Wes-Transvaalse Subunie.

Vir alle belangstellendes in korfbal is die oefentye soos volg:
Maandae vanaf 4.30 nm.
Woensdae vanaf 4.00 nm.

# Maties Kom Hierheen

Dit lyk byna na 'n uitgemaakte saak dat Maties vanjaar teen Puk op Potchefstroom sal rugby speel.

In 'n brief wat die afgelope week ontvang is, verklaar die Stellenboschers hulle bereid om op 26 Junie hier teen Puk te speel

Hulle kom slegs met hulle eerstespan en kan op geen ander datum hier speel nie, omdat die toerspan op 27 Junie na Rhodesië vertrek. Puk sal nou by die Wes-Transvaalse Rugby-unie moet aansoek doen dat die wedstryd hier gespeel word.

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.

Die
● LUUKSTE
● MODERNSTE
● NUUTSTE
W. P. MANSHAARSALON
LUGGEREEL VIR U GERIEF
★
LEWIS ARKADE
Regoor 20th Century Teater
TEL. 6561

U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)